Kraggakamma Huisgeloof
vir kleingroepe, families en stiltetyd
(12 – 16 Mei 2025)

ONS ONTMOET MEKAAR
Die afgelope Sondag was Vrouedag. Vertel vir mekaar van die vrou/e wat die grootste invloed op jou lewe gehad het.

ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

GOD ONTMOET ONS
Skriflesing: Gen. 12:1-5; 17:15-16; 18:1-15; 1 Pet 3:3-6
Tema: Hoe mooi is jy?

Gespreksvrae:

1. Hoe mooi dink jy is jy?

2. Lees Gen. 12:1-5. Wat het Sarai regtig mooi gemaak? Is jy ook so mooi?

3. Lees 1 Petrus 3:3-6 uit "Die Boodskap" hieronder. Gesels oor wat werklike skoonheid is en hoe dit op elkeen van ons van toepassing is.

   "3Ek vra julle: Wanneer is 'n vrou regtig mooi? Vir 'n Christen sit skoonheid nie aan die buitekant nie, maar dit kom van binne. Moenie julle te veel daaroor bekommer of julle klere in die mode is en julle hare pragtig versorg is nie. Mooi juweliersware is ook nie nodig om julle mooi te maak nie. 4Nee, 'n vrou se eintlike skoonheid kom van binne af. Hoe mooi is dit nie as 'n vrou sag en vriendelik optree nie! Of 'n vrou nou oud of jonk is, hierdie soort mooiheid kan jy nie van haar af wegvat nie. In God se oë is dit die kosbaarste juwele wat 'n vrou kan dra. 5In die ou tyd het die vroue wat God getrou met alles gedien het, hulle ook so mooi gemaak. Hulle was goeie vroue wat die leiding van hul man aanvaar soos hulle die leiding van die Here aanvaar het. 6Dink aan Sara as voorbeeld. Sy het na Abraham geluister en erken dat hy die leiding in die gesin moes neem. As julle reg leef en nie toelaat dat mense julle bangmaak of verkleineer as julle vir God leef nie, behoort julle soos Sara ook aan God se geestelike gesin."

4. Beteken om werklik mooi te wees, ook in die oë van God, om volmaak te wees? (Gen. 18:1-15) Hoe hanteer ons ons onvolmaaktheid? Fokus ons nie te veel daarop nie?

5. In haar/hul "kleingeloof en eie pogings" moes Abraham en Sara leer dat die "menslike onmoontlike" vir God maklik is. Vertel vir mekaar waar jy ook deur so 'n leerskool is.

GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS
Uitsending na die plek waartoe God jou roep

Ons het verlede week gesels oor hierdie aanhaling van Teresa van Ávila: “Christus het geen liggaam op aarde behalwe joune nie, geen hande behalwe joune nie. Jou oë is die oë waardeur die liefde van Christus uitstraal na die seer van die wêreld. Jou voete is die voete waarmee Christus wil goed doen. Jou hande is die hande waarmee Hy nou seën. Jou mond is die mond waarmee Hy getuig.”
Getuig teenoor mekaar van ‘n geleentheid waar jy of iemand anders dit die afgelope week uitgeleef het.